# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 | Vrydag 15 Augustus 1986 | WINDHOEK | Friday 15 August 1986 | No. 5246

INHOUD: | CONTENTS:


| | | Bladsy | | | Page |
|---|---|---|---|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | | **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| No. 159 | Proklamering van plaaspaaie en verlegging van 'n gedeelte van plaaspad 1676: Distrik Gobabis | 2 | No. 159 | Proclamation of farm roads and deviation of a portion of farm road 1676: District of Gobabis | 2 |
| No. 160 | Sluiting van 'n gedeelte van plaaspad 323: Distrik Karasburg | 4 | No. 160 | Closing of a portion of farm road 323: District of Karasburg | 4 |
| No. 161 | Versoek dat die klassifikasie van 'n gedeelte van distrikspad 1054 verander moet word: Distrik Mariental | 4 | No. 161 | Request that the classification of a portion of district road 1054 be changed: District of Mariental | 4 |
| **ALGEMENE KENNISGEWINGS** | | | **GENERAL NOTICES** | | |
| No. 73 | Sentrale Inkomstefonds: Staat van inkomste ingevorder gedurende die tydperk 1 April 1986 tot 30 Junie 1986: Departement van Finansies, Windhoek | 6 | No. 73 | Central Revenue Fund: Statement of revenue collected during the period 1 April 1986 to 30 June 1986: Department of Finance, Windhoek | 6 |
| No. 74 | Sentrale Inkomstefonds: Staat van uitgawe vir die tydperk 1 April 1986 tot 30 Junie 1986: Departement van Finansies, Windhoek | 7 | No. 74 | Central Revenue Fund: Statement of expenditure for the period 1 April 1986 to 30 June 1986: Department of Finance, Windhoek | 7 |
| No. 75 | Munisipaliteit van Gobabis: Dorpsbeplanningskema | 8 | No. 75 | Municipality of Gobabis: Townplanning Scheme | 8 |
| No. 76 | Hochland Park Dorpsgebied: Deproklamering | 8 | No. 76 | Hochland Park Township: Deproclamation | 8 |
| No. 77 | Kennisgewing: Erf Nr. 274, Bethanie dorp | 9 | No. 77 | Notice: Erf No. 274, Bethanie Township | 9 |

# Goewermentskennisgewings

## DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 159 1986

### PROKLAMERING VAN PLAASPAAIE EN VERLEGGING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1676: DISTRIK GOBABIS

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Kabinet -

(i) kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Gobabis, die paaie wat in Bylaes I en II beskryf en deur, onderskeidelik, die simbole A-A1 en D-E op sketskaart P1280 aangetoon word, tot geproklameerde paaie verklaar het; en

(ii) kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Gobabis, die gedeelte van plaaspad 1676 wat in paragraaf (a) van Bylae III beskryf en deur die simbole A1-A2-D-D1-C op sketskaart P1280 aangetoon word, verlê het van die roete aldus beskryf en aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van Bylae III beskryf en deur die simbole A1-E-B-C op sketskaart P1280 aangetoon word; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 23(1)(d) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a)(i) bedoelde paaie tot plaaspaaie (nommers 1676 en 1677) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

# Government Notices

## DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 159 1986

### PROCLAMATION OF FARM ROADS AND DEVIATION OF A PORTION OF FARM ROAD 1676: DISTRICT OF GOBABIS

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Cabinet has -

(i) under section 22(1)(b) of the said Ordinance, in the district of Gobabis, declared the roads described in Schedules I and II and shown on sketch-map P1280 by the symbols A-A1 and D-E, respectively, to be proclaimed roads; and

(ii) under section 22(1)(c) of the said Ordinance, in the district of Gobabis, deviated the portion of farm road 1676 described in paragraph (a) of Schedule III and shown on sketch-map P1280 by the symbols A1-A2-D-D1-C, from the route so described and shown, to the route described in paragraph (b) of Schedule III and shown on sketch-map P1280 by the symbols A1-E-B-C; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Cabinet has under section 23(1)(d) of the said Ordinance declared the roads referred to in paragraph (a)(i), to be farm roads (numbers 1676 and 1677).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

BYLAE I

Van 'n punt (A op sketskaart P1280) op grootpad 56 op die plaas Hippo 386 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (A1 op sketskaart P1280) op genoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt (D op sketskaart P1280) op die plaas Hippo 386 algemeen noordnoordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (E op sketskaart P1280) op die pad beskryf in paragraaf (b) van Bylae III op genoemde plaas.

BYLAE III

(a) Van 'n punt (A1 op sketskaart P1280) op die plaas Hippo 386 algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (A2 op sketskaart P1280) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1280) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plaas Hippo 386 tot op 'n punt (D1 op sketskaart P1280) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Okatjeru 181; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor die plaas Okatjeru 181 tot op 'n punt (C op sketskaart P1280) op genoemde plaas.

(b) Van 'n punt (A1 op sketskaart P1280) op die plaas Hippo 386 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (E op sketskaart P1280) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plaas Hippo 386 tot op 'n punt (B op sketskaart P1280) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Okatjeru 181; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor die plaas Okatjeru 181 tot op 'n punt (C op sketskaart P1280) op genoemde plaas.

SCHEDULE I

From a point (A on sketch-map P1280) on main road 56 on the farm Hippo 386 generally eastwards across the said farm to a point (A1 on sketch-map P1280) on the said farm.

SCHEDULE II

From a point (D on sketch-map P1280) on the farm Hippo 386 generally north-north-westwards across the said farm to a point (E on sketch-map P1280) on the road described in paragraph (b) of Schedule III on the said farm.

SCHEDULE III

(a) From a point (A1 on sketch-map P1280) on the farm Hippo 386 generally south-south-eastwards across the said farm to a point (A2 on sketch-map P1280) on the said farm; thence generally eastwards across the said farm to a point (D on sketch-map P1280) on the said farm; thence generally eastwards across the farm Hippo 386 to a point (D1 on sketch-map P1280) on the common boundary of the said farm and the farm Okatjeru 181; thence generally east-north-eastwards across the farm Okatjeru 181 to a point (C on sketch-map P1280) on the said farm.

(b) From a point (A1 on sketch-map P1280) on the farm Hippo 386 generally eastwards across the said farm to a point (E on sketch-map P1280) on the said farm; thence generally eastwards across the farm Hippo 386 to a point (B on sketch-map P1280) on the common boundary of the said farm and the farm Okatjeru 181; thence generally east-north-eastwards across the farm Okatjeru 181 to a point (C on sketch-map P1280) on the said farm.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 160 1986

SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 323: DISTRIK KARASBURG

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Kabinet kragtens artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie, in die distrik Karasburg, die gedeelte van plaaspad 323 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole B-B1-B2 op sketskaart P1285 aangetoon word, gesluit het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (B op sketskaart P1285) op plaaspad 226 op die plaas Phil-Li-Anne 450 algemeen suid-suidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B1 op sketskaart P1285) op genoemde plaas; van daar algemeen suidwaarts oor genoemde plaas en die plase Restant van Keimas 99 en Gedeelte A van Keimas 99 tot op 'n punt (B2 op sketskaart P1285) op distrikspad 206 op laasgenoemde plaas.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 160 1986

CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 323: DISTRICT OF KARASBURG

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Cabinet has under section 22(1)(c) of the said Ordinance, in the district of Karasburg, closed the portion of farm road 323 described in the Schedule and shown on sketch-map P1285 by the symbols B-B1-B2.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (B on sketch-map P1285) on farm road 226 on the farm Phil-Li-Anne 450 generally south-south-eastwards across the said farm to a point (B1 on sketch-map P1285) on the said farm; thence generally southwards across the said farm and the farms Remainder of Keimas 99 and Portion A of Keimas 99 to a point (B2 on sketch-map P1285) on district road 206 on the last-mentioned farm.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 161 1986

VERSOEK DAT DIE KLASSIFIKASIE VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1054 VERANDER MOET WORD: DISTRIK MARIENTAL

Ingevolge artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Ma-

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 161 1986

REQUEST THAT THE CLASSIFICATION OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 1054 BE CHANGED: DISTRICT OF MARIENTAL

In terms of section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Roads Board of Mariental

riental versoek dat die gedeelte van distrikspad 1054 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole C-C1-C2-D op sketskaart P1318 aangetoon word, se klassifikasie verander moet word na plaaspad.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Mariental, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (C op sketskaart P1318) op distrikspad 617 op die plaas Restant van Amadab 159 algemeen ooswaarts en al meer oosnoordooswaarts oor genoemde plaas en die plaas La Paloma 556 tot op 'n punt (C1 op sketskaart P1318) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts en al meer oosnoordooswaarts oor laasgenoemde plaas en die plase Gedeelte 1 van Minneplaats 185, Restant van Minneplaats 185 en Kameelrust 183 tot op 'n punt (C2 op sketskaart P1318) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor laasgenoemde plaas en die plaas Gedeelte 1 van Tranendal 184 tot op 'n punt (D op sketskaart P1318) op grootpad 33 op laasgenoemde plaas.

requests that the classificiation of the portion of district road 1054 described in the Schedule and shown on sketch-map P1318 by the symbols C-C1-C2-D, be changed to farm road.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Mariental, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (C on sketch-map P1318) on district road 617 on the farm Remainder of Amadab 159 generally eastwards and more and more east-north-eastwards across the said farm and the farm La Paloma 556 to a point (C1 on sketch-map P1318) on the last-mentioned farm; thence generally eastwards and more and more east-north-eastwards across the last-mentioned farm and the farms Portion 1 of Minneplaats 185, Remainder of Minneplaats 185 and Kameelrust 183 to a point (C2 on sketch-map P1318) on the last-mentioned farm; thence generally east-north-eastwards across the last-mentioned farm and the farm Portion 1 of Tranendal 184 to a point (D on sketch-map P1318) on main road 33 on the last-mentioned farm.

SENTRALE INKOMSTEFONDS | CENTRAL REVENUE FUND

STAAT VAN INKOMSTE INGEVORDER GEDURENDE DIE TYDPERK 1 APRIL 1986 TOT 30 JUNIE 1986 | STATEMENT OF REVENUE COLLECTED DURING THE PERIOD 1 APRIL 1986 TO 30 JUNE 1986

DEPARTEMENT VAN FINANSIES, WINDHOEK | DEPARTMENT OF FINANCE, WINDHOEK

| INKOMSTEHOOF | BEGROTING ESTIMATE 1986/87 | TOTAAL 1 APRIL TOT 30 JUNIE TOTAL 1 APRIL TO 30 JUNE | | HEAD OF REVENUE |
|---|---|---|---|---|
| | | 1986/87 | 1985/86 | |
| | R | R | R | |
| **Inkomste uit eie bronne:** | | | | **Revenue from own Sources:** |
| Belasting en Regte .................. | 441 010 000 | 65 765 153 | 39 146 810 | Tax and Duties |
| Leningsverhalings .................. | 14 180 000 | 836 680 | 802 878 | Loan Recoveries |
| Lisensies .......................... | 4 644 000 | 1 017 785 | 822 230 | Licences |
| Boetes en Verbeurdverklarings ....... | 2 200 000 | 370 390 | 346 124 | Fines and Forfeitures |
| Departementele Inkomste ............ | 126 241 000 | 28 058 137 | 20 546 904 | Departmental Revenue |
| Doeane en Aksyns ................... | 350 000 000 | 87 300 000 | 63 000 000 | Customs and Excise |
| TOTAAL : INKOMSTE UIT EIE BRONNE .... | 938 275 000 | 183 348 145 | 124 664 946 | TOTAL : REVENUE FROM OWN SOURCES |
| **Inkomste uit ander Bronne:** | | | | **Revenue from other Sources:** |
| Bydrae deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika ........... | 466 970 000 | 101 900 000 | 61 500 000 | Contribution by the Government of the Republic of South Africa |
| Bydrae deur die Administrasie vir Blankes ............................ | 30 374 000 | 7 593 500 | 6 495 000 | Contribution by the Administration for Whites |
| Lenings aangegaan te word .......... | 20 000 | - | 25 200 400 | Loans to be raised |
| TOTAAL : INKOMSTE UIT ANDER BRONNE .. | 497 364 000 | 109 493 500 | 93 195 400 | TOTAL : REVENUE FROM OTHER SOURCES |
| TOTALE INKOMSTE ..................... | 1 435 639 000 | 292 841 645 | 217 860 346 | TOTAL REVENUE |

RK3ACD

SENTRALE INKOMSTEFONDS

STAAT VAN UITGAWE VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1986 TOT 30 JUNIE 1986

DEPARTEMENT VAN FINANSIES, WINDHOEK

CENTRAL REVENUE FUND

STATEMENT OF EXPENDITURE FOR THE PERIOD 1 APRIL 1986 TO 30 JUNE 1986

DEPARTMENT OF FINANCE, WINDHOEK

| | BEGROTINGSPOS | BEGROTING ESTIMATE 1986/87 | TOTAAL 1 APRIL TOT 30 JUNIE TOTAL 1 APRIL TO 30 JUNE 1986/87 | 1985/86 | VOTE |
|---|---|---|---|---|---|
| | | R | R | R | |
| 1. | Owerheidsake .................... | 52 658 000 | 8 613 211 | 6 553 894 | Governmental Affairs |
| 2. | Finansies ....................... | 112 384 000 | 22 056 535 | 13 888 323 | Finance |
| | Statutêre Bedrag .............. | 219 763 000 | 14 361 524 | 9 048 183 | Statutory Amount |
| 3. | Burgersake en Mannekrag ......... | 92 625 000 | 19 307 821 | 20 013 031 | Civic Affairs and Manpower |
| 4. | Nasionale Opvoeding ............. | 77 695 000 | 21 384 682 | 14 926 283 | National Education |
| 5. | Ekonomiese Sake ................. | 28 785 000 | 7 654 296 | 5 736 542 | Economic Affairs |
| | Statutêre Bedrag .............. | 1 000 000 | - | - | Statutory Amount |
| 6. | Justisie ........................ | 10 115 000 | 2 529 569 | 1 773 599 | Justice |
| | Statutêre Bedrag .............. | 434 000 | 126 790 | 81 946 | Statutory Amount |
| 7. | Landbou en Natuurbewaring ....... | 43 159 000 | 7 069 230 | 5 746 389 | Agriculture and Nature Conservation |
| 8. | Nasionale Gesondheid en Welsyn .. | 64 726 000 | 18 688 925 | 12 980 345 | National Health and Welfare |
| 9. | Waterwese ....................... | 66 359 000 | 14 283 527 | 13 250 314 | Water Affairs |
| 10. | Sentrale Personeelinstelling .... | 7 698 000 | 1 021 329 | 1 042 673 | Central Personnel Institution |
| 11. | Pos- en Telekommunikasiewese .... | 68 943 000 | 11 813 438 | 5 925 039 | Posts and Telecommunications |
| 12. | Vervoer ......................... | 84 273 000 | 14 970 814 | 15 830 912 | Transport |
| 13. | Verdediging ..................... | 160 604 000 | 20 920 969 | 8 135 337 | Defence |
| 14. | Polisie ......................... | 120 535 000 | 14 339 554 | 7 776 893 | Police |
| 15. | Ouditeur-generaal ............... | 1 084 000 | 216 802 | 193 366 | Auditor General |
| 16. | Bystand aan Owerhede ............ | 314 445 000 | 65 678 453 | 62 802 251 | Assistance to Authorities |
| 17. | Verbetering van Diensvoorwaardes. | 18 000 000 | - | - | Improvement of Conditions of Service |
| | TOTAAL ........................ | 1 545 285 000 | 265 037 469 | 205 705 320 | TOTAL |

RK3ACD

No. 75 1986

## MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS DORPSBEPLANNINGSKEMA:

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die Dorpsbeplanningskema van Gobabis ter goedkeuring aan die Kabinet voorgelê is.

Eksemplare van die Dorpsbeplanningskema en van die kaarte, planne en dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure by die kantore van Gobabis Munisipaliteit sowel as in kamer W309 van die Tintenpalast, Windhoek ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die Dorpsbeplanningskema moet sy besware voor of op 19 September 1986 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 12025, Ausspannplatz indien.

No. 75 1986

## MUNICIPALITY OF GOBABIS TOWN PLANNING SCHEME:

Notice is hereby given in terms of section 23 of the Town Planning Ordinace, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the Town Planning Scheme of Gobabis has been submitted to the Cabinet for approval.

Copies of the Town Planning Scheme and the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours at the offices of the Municipality of Gobabis and also in room W309 of the Tinten Palast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the Town Planning Scheme should lodge his objection in writing to the Secretary, South West African Advisory Board, Private Bag 12025, Ausspannplatz, before or on 19 September 1986.

No. 76 1986

## HOCHLAND PARK DORPSGEBIED: DEPROKLAMERING

Kennisgewing geskied hierby kragtens Artikel 24(1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek ontvang is van die Munisipaliteit van Windhoek om die Deproklamering van erwe 335 tot 449, 634 tot 672, 687 tot 700, 714, 715, 1034, 1035, 1036, 1049, 1050, 1051, 1052 en oop ruimtes 1053 Ged. 1, 1053 Restant, 1055, 1056, 1057, 1058 en geslote straatgedeeltes Gedeelte van Korhaanstraat, Gedeelte van Stelzenstraat, Gedeelte van Taubenstraat, Bateleurstraat, Goudsnipstraat, Starstraat, Gedeelte van Pelicanstraat, Gedeelte van Spegtstraat, Gedeelte van Maraboestraat, Perlhuhnstraat en Ibisstraat geleë te Hochland Park in die Munisipale gebied van Windhoek, Registrasie-afdeling "K".

Eksemplare van die deproklamering, kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende

No. 76 1986

## HOCHLAND PARK TOWNSHIP: DEPROCLAMATION

Notice is hereby given in terms of section 24(1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) that application for the deproclamation of erven 335 to 449, 634 tot 672, 687 to 700, 714, 715, 1034, 1035, 1036, 1049, 1050, 1051, 1052 and closed open spaces 1053 Ptn 1, 1053 remainder, 1055, 1056, 1057, 1058 and closed street portions Ptns of Korhaan Street, Ptns of Stelzer Street, Ptns of Tauben Street, Bateleur Street, Goudsnip Street, Star Street, Ptns of Pelican Street, Ptns of Spegt Street, Ptns of Maraboe Street, Perlhuhn Street and Ibis Street, situated in Hochland Park, Windhoek Municipality of Windhoek.

Copies of the Deproclamation and the maps, plans, documents and other relevant matters are

sake lê gedurende kantoorure by die kantoor van die Windhoek Munisipaliteit sowel as in kamer W324 van die Tintenpalast, Windhoek ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen bogenoemde deproklamering van die erwe te Hochlandpark moet sy beswaar skriftelik voor of op 19 September 1986 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 12025 Ausspannplatz indien.

lying for inspection during office hours at the offices of the Municipality of Windhoek and also in room W324 of the Tinten Palast, Windhoek.

Any person who wishes to object to the abovementioned application should lodge his objections in writing to the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 12025, Ausspannplatz, before or on 19 September 1986.

KENNISGEWING

No. 77 1986

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 18(1) van die Ordonnansie op Dorpsbesture Nr. 14 van 1963 soos gewysig, aan CHARLOTTE MARTHA ALBAT die geregistreerde eienaar van

Erf Nr. 274
Geleë in Bethanie dorp
Groot 2870 vierkantmeters

dat gemelde erf verkoop sal word ter verhaal van agterstallige erfbelasting en rente indien u sou nalaat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van die laaste publikasie hiervan.

DIE SEKRETARIS
Dorpsbestuur van Bethanie

NOTICE

No. 77 1986

Notice is hereby given in terms of Section 18(1) of the Village Management Boards Ordinance No. 14 of 1963 as amended, to CHARLOTTE MARTHA ALBAT, the registered owner of

Erf No. 274
Situate in the Bethanie Township
Measuring 2870 square metres

that the abovementioned property will be sold to recover rear rates and interest should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

THE SECRETARY
Village Management Board of Bethanie

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa